



Gestig 1976

*Suid-Afrika, 'n fontein wat die wêreld met die Evangelie bereik.*

# SAAWE

*Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêreldevangelisasie*

**Nuusbrief – Tweede Kwartaal - 2018**



**Omtrent 40% van alle mense  
het nog nie gehoor dat Jesus  
hulle liefhet nie.**

[Joshuaproject.net](http://Joshuaproject.net)

**Kontak SAAWE:**

**POSBUS 10170, ASTON MANOR, 1630**

**+27 11 396 1225 (Tel) • +27 86 693 2500 (Faks) • [info@saawe.org.za](mailto:info@saawe.org.za) (Epos)**

**[www.saawe.org.za](http://www.saawe.org.za)**

**SAAWE • Tjekrekening nr 020 246 188**

**Standard Bank • Kemptonpark Takkode 012 442**



- **Mobiliseer** – Ons het in byna 100 lande besoek afgelê en gewerk. Ons kan jou help om 'n impak te maak.
- **Fasiliteer** – Ons het honderde gemeentes en sendelinge gehelp om 'n groot verskil te maak. Ons kan ook jou bedien.
- **Konnekteer** – Ons is in verbinding met honderde sendingorganisasies, gemeentes en sendelinge in die veld. Jy kan by hierdie netwerk aansluit. Skakel ons.
- **Skep Strategiese Inisiatiewe** – Ons het geleenthede aangegryp en inisiatiewe geskep:
  - Reik uit na slagoffers van rampe soos aardbewings en oorloë. Ons ontwikkel programme om slagoffers te bemagtig. Wil jy deel wees?
  - Gebruik Selfone om die onbereiktes deur Ufollo.net te bereik. Saam kan ons 'n impak maak. Skakel ons en sluit aan.
  - Lei leraars in die veld in Interaktiewe Bybel Ontdekking op en versprei klankbybels aan mense wat eerder luister as lees. Ons brei uit en bied geleenthede aan meer vrywilligers.
  - As SAT-7 Vennoot saai ons Christelike TV uit na die Midde-Ooste en Noord-Afrika na baie meer as 22 miljoen kykers. Jy kan die nuus help versprei.
  - Fasiliteer Vennootskappe om onbereikte volke te bereik. Het jy so 'n volk op jou hart? Skakel ons.
  - Maak Dissipelmaak Programme bekend. Skakel ons as jy hiervan deel wil word.

## **Spesiale Opleiding vir werk in gebiede met geweld en vervolging**

SAAWE in samewerking met Africa Missions Mobilization Partnership en Ds Samuel Kembo, het gedurende Januarie 'n opleidingsnaweek in die Omnia gemeente in Gauteng aangebied.

Spesiale aandag is gegee aan die benadering wat gevolg moet word in gebiede van geweld en vervolging. Mense se oë het oopgegaan vir die wrede realiteite en groot geleenthede in hierdie strategiese tyd waarin ons lewe.

Doen navraag oor meer opleidingsgeleenthede.

# Ufollo.net se nuwe baadjie

Deur Christine Louw


Vir die afgelope jaar het ons van verskillende sagteware gebruik gemaak vir die ontwikkeling van Ufollo.net. Ons het pas ons nuwe webkanaal vrygestel. 'n Nuwe toevoeging is ons Blog. Ons wil graag fokus op verskillende onderwerpe en vrae wat in die harte van ons besoekers mag opkom.

Hiermee wil ons graag meer vertrouwe skep. In die verlede het ons anoniem gebly en van die navraers het my, Christine, gesmeek vir 'n foto van my. Dit was jong meisietjies wat hul harte vir my oopgemaak het. Nadat ons baie oor hierdie saak gebid het, het ons besluit dat ek 'n Blog sal begin onder my skuilnaam wat veral deur Midde Oosterlinge aan my gegee is, nl. Nesrien, met 'n foto'tjie van myself.

Bid asseblief vir wysheid hoe om hierdie Blog te skryf en vir die vermoë om daarmee te kan volhou, aangesien ons program reeds baie vol is en ons 'n groot behoefte het aan medewerkers om saam in Ufollo.net te kan werk. Bid asseblief saam dat die Heilige Gees die Outeur sal wees en dat die Here ook hierdie kanaal sal gebruik om duisende na Hom te trek. Ons begeerte is dat jongmense wêreldwyd sal inskakel sodat vermenigvuldigende dissipelskapgroepe hieruit sal voortspruit.

Besoek gerus **[www.ufollo.net](http://www.ufollo.net)** en neem deel aan die Blog sodat ander ook daardeur aangemoedig sal word!

*So lyk Ufollo.net op die selfoon*



## Imagine Bela Bela

Deur Almero du Pisanie



3500 Jeugleiers het Imagine 2018 bygewoon. Hierdie konferensie is van 6 tot 8 April op 'n wildsplaas naby Bela Bela gehou. Baie jongmense was gretig om uit te vind wat God se wil vir hulle is. Die stelling dat hulle 'nie op 'n kamp is nie maar deel is van 'n beweging' het die klem vir 'n fantastiese naweek bepaal. SAAWE se aandeel was 'n uitstalling en persoonlike gesprekke.

Die atmosfeer was elektries en die musiek oorverdowend. Die sessies het die jongmense nuwe perspektiewe gegee en nuwe vriendskappe is gesmee in die lang toue vir maaltye en in die tentdorp op die sportvelde. Ons kon raad gee oor hoe om 'n sendeling te word en vertel van Ufollo.net, 'n uitstekende manier om die Goeie Nuus via die internet aan mense te bring wat dit nog nie gehoor het nie.

Ek het ook gesprekke gehad oor ons skaakprogram in die Midde-Ooste waar vlugteling kinders, wat nie die voorreg het om skoolopleiding te kry nie, kan leer skaak speel. Dit leer hulle probleme oplos en sodoende word hoop gebring aan desperate gemeenskappe. Ons kon ook vir party jongmense teddiebere gee – dieselfde wat ons as geskenke vir die kinders in die Midde-Ooste gee. Die jongmense was beïndruk met die kartonboksies met saadjies ingepers in die papier. Die idee is om jou probleme vir die Here te gee, hulle simbolies in die boksie te sit, die boksie te plant en dan te sien hoe 'n groente of 'n blom daaruit groei.

Die jeug is die Kerk van vandag en moet gementor word. Dankie vir die wat dit doen. Laat ons almal meer kapasiteit bou deur geïnspireerde jongmense.

Kontak: Almero by [almerodp@yahoo.com](mailto:almerodp@yahoo.com) of +27 84 301 3932.

## Oestyd in die Midde-Ooste

Deur Ds Loffie Schoeman

In Januarie vanjaar het ons verskeie stede in Jordanië besoek waar gelowiges vir ons gesê het: "Die koms van die HERE is naby". Dit motiveer hul om te evangeliseer, ongeag die gevare.

Ons was tot by die Siriese grens en het vlugteling ontmoet wat pas tot bekering gekom het. Een man, wat deur 'n visioen tot bekering gekom het, het teenoor sy eie familieleden getuig van sy bekering en geloofsekerheid. In plaas daarvan om hom te vervolg, het hulle ook tot bekering gekom. Vir die afgelope drie maande skakel hy weekliks 'n familielid en vra: "Aan wie dink jy?" Twee dae later skakel hy hulle weer en vra: "Het jy met daardie persoon oor Jesus gepraat? Wat was sy reaksie?"

Ons het vanjaar ook vlugteling en gelowiges in Irak besoek. "Dit is oestyd" hoor ons by gelowiges in verskeie stede. Soos voorspel in die Bybel in Joël 2:28, kom baie in Irak tans tot bekering deur drome en visioene. Ander is soekend, teleurgesteld in hul godsdiens.

Ons het gebreide poppies, skaakstelle en water suiweringsakkies versprei en gehelp met fondse om literatuur in hulle eie taal te druk.

Terugkerende vlugteling in die Noorde van Irak vind hul blyplekke verwoes, geen werk, geen kos - hoe praat jy hulle moed in? Baie vroue is ontvoer, verkoop, vermis.

Waarmee is gelowiges besig? Hul sakelys is kort: "Gebed, evangelisasie en hulpverlening "

Skakel met ons vir 'n getuigenis geleentheid, betrokkenheid en ondersteuning.

Global Relief, Loffie Schoeman, 0828758313



*Vertel stories aan kinders*

